
M A R K U S
Johannes
fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

**Ons begin vandag met 'n nuwe reeks, waar ons deur die boek van Markus gaan preek.**

**Markus is geskryf om gehoor te word. Die hele boek van Markus is veronderstel om aan 'n gehoor voorgelees of vertel te word, en dit vat omtrend so twee ure om die hele verhaal van begin tot einde in een sitting te vertel.**

## Wie het dit geskryf?

Alhoewel die skrywer homself nie in die teks noem nie, vertel die vroeë kerkvaders, soos Papias, vir ons dat hierdie die rekord is van die apostel Petrus se prediking. Markus was Petrus se "tolk" of transkribeerder. Hy het die lewendige, rou herinneringe van Petrus neergeskryf sodat die kerk in Rome, wat onder groot druk was, ’n permanente rekord kon hê van die lering van Jesus.

**Markus 1:1-20**

**Ons gaan vandag na die eerste 20 verse uit die Evangelie saam lees.**

# Die Aankondiging van Jesus se Identiteit (Markus 1:1)



1Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God, begin só:

**Markus begin nie met ’n geslagsregister of ’n geboorteverhaal nie. Hy val met die deur in die huis:**

***"Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God."***

**Die woord "Evangelie" was in daardie tyd ’n media-term. Dit was die tegniese term vir nuus van ’n militêre oorwinning wat deur ’n boodskapper uitgeroep is.**

**Markus sê vir ons: "Hierdie is nie net ’n storie nie; dit is die nuus van ’n oorwinning!" Jesus word onmiddellik voorgestel as die Messias en die Seun van God. Dit is die lens waardeur ons die hele boek moet lees.**

# Die Voorbereiding vir Jesus se bediennning (Markus 1:2–13)

2In die boek van die profeet Jesaja staan daar geskrywe:

"Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit.

Hy sal die pad vir jou regmaak.

3Iemand roep in die woestyn:

Maak die pad vir die Here gereed,

maak die paaie vir Hom reguit. "

4Só het Johannes die Doper in die woestyn opgetree. Hy het verkondig: Bekeer
julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe. 5Die hele landstreek
van Judea en al die inwoners van Jerusalem het na hom toe gestroom. Hulle
het hulle sondes bely en is deur hom in die Jordaanrivier gedoop.

6Johannes het klere van kameelhaar gedra met 'n leerband om sy heupe, en hy
het van sprinkane en veldheuning gelewe. 7Hy het gepreek en gesê: "Die Een
wat ná my kom, is my meerdere. Ek is nie eers werd om te buk en sy skoene los
te maak nie. 8Ek het julle wel met water gedoop, maar Hy sal julle met die
Heilige Gees doop."

# Die Voorbereiding vir Jesus se bediening (Markus 1:2–13)



9Jesus het in daardie selfde tyd van Nasaret in Galilea af gekom, en Hy is
deur Johannes in die Jordaan gedoop. 10Net toe Hy uit die water kom,
het Hy die hemel sien oopskeur en die Gees soos 'n duif na Hom toe sien
neerdaal. 11Daar was ook 'n stem uit die hemel: “Jy is my geliefde Seun.
Oor Jou verheug Ek My.”

# Die Voorbereiding vir Jesus se bediennning (Markus 1:2–13)



**12Net daarna het die Gees Hom weggevat die woestyn in, 13waar Hy veertig dae lank gebly het en deur die Satan versoek is. Jesus was daar saam met die wilde diere, en die engele het Hom versorg.**

In hierdie vinnige inleiding sien ons hoe die pad gereed gemaak word vir die Koning en die begin van Jesus se aardse bediening:

**Johannes die Doper (v. 2–8):** Hy is die koninklike boodskapper in die woestyn wat mense oproep tot bekering.

**Die Doop (v. 9–11):** Hier sien ons die "kroning" van die Koning waar God self getuig: "Dit is my geliefde Seun."

**Die Toets (v. 12–13):** Onmiddellik daarna word Jesus die woestyn in "gedryf" om deur Satan getoets te word.

# Die Openbare Verklaring: Die Tyd is Vervul (Markus 1:14–15)



**14Nadat Johannes in die tronk opgesluit is, het Jesus na Galilea
toe gegaan en die evangelie van God verkondig. 15Hy het gesê:
"Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby
gekom. Bekeer julle en glo die evangelie."**

Nadat Johannes in die tronk beland het, begin Jesus se eie bediening in Galilea.

Jesus se boodskap is eenvoudig: **"Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie."**.

Dit is nie ’n uitnodiging tot ’n debat nie; dit is ’n koninklike proklamasie.

Die reaksie wat gevra word, is radikaal: Draai om (**bekering**) en vertrou die nuus van die oorwinning (**geloof**).

# Die Roeping: Onmiddellike Gehoorsaamheid (Markus 1:16–20)

**16Eendag toe Jesus langs die See van Galilea loop, het Hy vir Simon en
Simon se broer Andreas gesien waar hulle besig was om werpnette in
die see uit te gooi. Hulle was vissers van beroep. 17Hy het toe vir hulle
gesê: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense
maak."**

**18Onmiddellik het hulle die nette gelos en Hom gevolg.**

**19Toe Hy 'n entjie verder gaan, het Hy vir Jakobus seun van Sebedeus,
en sy broer Johannes gesien waar hulle in die skuit besig was om hulle
nette reg te maak, 20en dadelik het Hy hulle geroep. Hulle het hulle pa,
Sebedeus, net so saam met die loonarbeiders in die skuit gelaat en
saam met Jesus gegaan.**

Die hoogtepunt van hierdie inleiding is die roeping van die eerste dissipels by die See van Galilea. Jesus stap verby Simon, Andreas, Jakobus en Johannes en sê: "Volg My."

En kyk hoe reageer hierdie manne: Hulle los onmiddellik hul nette, hul familie en hul sekuriteit om Jesus te volg. Hierdie dissipels is nie volmaakte mense nie; Markus gaan vir ons wys dat hulle dikwels sukkel om Jesus te verstaan. Maar hulle gehoorsaamheid in hierdie oomblik wys ons wat dit beteken as die Koning met gesag praat.



Markus skryf vir mense wat, net soos ons, in ’n wêreld leef waar dit soms voel asof die duisternis wen. Maar hy herinner ons aan drie dinge uit hierdie eerste 20 verse:

**Jesus is die oorwinnaar**

**Die uitnodiging is dringend**

**Volg beteken "gehoorsaamheid”**

**Wat is die "nette" wat jy vandag moet neerlê?**

In hierdie reeks gaan ons sien hoe Jesus die magte van siekte, demone en selfs die dood verbreek. Maar dit begin hier: By ’n Koning wat roep, en ’n volgeling wat antwoord.


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS